Die inhoude het te make met Swartverdrukking vanaf die vroegste kontak met Witmense maar veral sedert 1948. Sharpville, Soweto en stakings staan in die sentrum van die ondersoek. As sodanig het dit weinig appèl op 'n wit gehoor, eenvoudig omdat húlle nie in daardie posisie verkeer nie.

Hierdie feit stel egter 'n belangrike vraag aan die leser. Is die inhoud objektief byeengevring of speel die uitgangspunt "if you do not understand the past, it is more difficult to change the present" die deurslaggewende rol? Simplisties gestel: word objektiwiteit nie ingeboet ter wille van 'n bewusmaking van die "people" van 'n geskiedenis van onderdrukking nie? Om die saak van 'n ander kant te bekyk: wie se geskiedenis en watter tydperk se geskiedenis figureer in leerplanne wat onder die huidige regering saamgestel word? Is die klagtes dat die huidige geskiedenishandboeke eensydig Afrikanergerig en bevooroordeeld is dan alles kafpraatjies?

Die NECC voer aan dat People's Education maar net die massa se alternatief vir "gutter education" is - dat dit 'n alternatief is vir Christelik-Nasionale Onderwys. En as daar mense is wat "alternatiewe" onderwys behoort te verstaan, dan is dit juis die Afrikaner. In die woorde van Franklin Sonn: "People's Education kan gelyk gestel word aan CNO. Hy is gehaak aan die vryheidstryd". (Die Suid-Afrikaan, Nr. 15, Junie/Julie 1988, p. 18).

Hierdie resensie is nie daarop gerig om 'n aller-antwoord op alternatiewe geskiedenis vir die massa of die huidige handboeke te gee nie. Myns insiens lê die waarde van dié publikasie (ook) in die verskillende oefeninge wat onder loep geneem word. Onderwysers wat in die junior sekondêre fase geskiedenis onderrig, sal dit van groot didaktiese hulp vind. So iets is nie te vinde in die normale opleidingspraktyk nie. Òf eie inhoude kan saamgestel word òf die ondernemende onderwyser kan die publikasie op uiters selektiewe wyse gebruik om sy leerlinge bewus te maak van 'n ander sy van Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Selfs al word die publikasie net ter hand geneem deur onderwysers wat vasgevang sit binne die didaktiese grense van Christelike-Nasionale Onderwys sodat hulle kennis kan neem van 'n ander sy van die geheel, kan dit ook al baie help.

A.J. Posthuma

SMITH, K. 1988: *The Changing Past* Trends in South African Historical Writing. Southern Book Publishers. pp. 221. R34.95.

Die skrywer, professor in Geskiedenis aan Unisa, het 'n kursus aan Honneursstudente oor Suid-Afrikaanse historiografie oorgeneem en 'n groot behoefte gevoel aan 'n Engelse werk oor dié onderwerp. Soos hy in die voorwoord dan ook opmerk: "I was made painfully aware of the lack of suitable textbook - there was no book - length survey covering the whole field of South African historical writing" (p. 2).

Afrikaansprekendes is in 'n baie beter posisie aangesien daar etlike werke bestaan wat 'n omvattende oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing bied. In dié verband is dit veral F.A. van Jaarsveld se *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk* wat in 'n sekere mate aan die behoefte voldoen.

Met sy poging om in 'n bepaalde behoefte te voorsien, was Smith bepaald suksesvol. Nie alleen het Engelssprekendes nou 'n bron wat aan die behoefte voldoen nie, maar is dit ook beslis 'n publikasie wat deur enige belangstellende ter hand geneem kan word.

Dit was trouens een van Smith se oogmerke: Om 'n boek te skryf wat gestroop is van akademiese argumente en die noodsaaklike arsenaal van kennis daar te stel. Die werk lees maklik, is toeganklik en verstaanbaar en gee op bondige wyse die noodsaaklike kennis weer.

Die opvallendste kenmerk is die ekonomiese skryfstyl. Dit is duidelik dat Smith hierdie apek van sy vak meesterlik hanteer. Sy sinne is kort en sy aanhalings verhelderend en gepas.

Die boek is in vyf dele verdeel. Eerstens word belangrike (en nuwe) inligting oor eerste dokumente en mondelinge geskiedenis verskaf. Daarna word aandag aan die Britse en Setlaarskole van geskiedskrywing gegee, derdens word 'n oorsig oor die historiografie uit Afrikaanssprekende geledere gegee; vervolgens 'n oorsig oor die liberale skool en vyfdens 'n behandeling van die radikale geskiedskool.

Smith bly deurgaans die mededeler wat sy leser inlig. Tog slaag hy daarin om die neigings uit te wys sonder om aan objektiwiteit in te boet. Hy behandel die belangrikste figure uit elke skool en toon dan waarom 'n Theal, De Kiewiet, Walker, MacMillan, Davenport, Van Jaarsveld, Wilson en O'Meara as belangrik beskou kan word. Hy noem egter ook ander skrywers wat bepaalde skool in 'n duidelike lig stel.

Op verhelderende wyse word die debat tussen liberales en radikales opgeklaar. Hierin lê myns insiens die groot waarde van Smith se werk. Hy trek die gordyne van die akademiese ivoortoring wyd oop, vir almal om die basiese uitgangspunte agter elke skool te sien én te verstaan.

Die outeur se uitgebreide kennis van werke oor kolonialisme en veral die invloed daarvan op Afrika het hom bepaald goed te pas gekom. Vandaar dat hy die invloed wat radikale werke oor Afrika gehad het op S.A. historici, duidelik kan uitwys (pp. 169-170).

Deurdat hy teoretiese diskussie tot 'n absolute minimum beperk, blý die boek interessant en die leesbaarheid hoog.

Dié boek word sterk by dosente aanbeveel. Dit verskaf nie net die nodige agtergrond om 'n bepaalde werk te kan beoordeel nie; dit werp ook lig op die verskille en (as daar is) ooreenkomste tussen bepaalde skrywers.

A.J. Posthuma

GRUNDLINGH, ALBERT 1987: *Fighting Their Own War*. Ravan Press, Johannesburg, pp. 200

Gebaseer op 'n D.Litt et Phil. - proefskrif wat in 1981 vir eksaminering aan UNISA voorgehou is met